



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**BESIGHEIDSTUDIES V2  
MODEL NOVEMBER 2019**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**INSTRUSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

- Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
- Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet alle antwoorde in volsinne wees.
- Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
<b>A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND</b>	<b>1</b>	<b>30</b>	<b>20</b>
<b>B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.</b>	<b>2</b>	<b>40</b>	<b>35</b>
	<b>3</b>	<b>40</b>	<b>35</b>
	<b>4</b>	<b>40</b>	<b>35</b>
<b>C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.</b>	<b>5</b>	<b>40</b>	<b>30</b>
	<b>6</b>	<b>40</b>	<b>30</b>
<b>TOTAAL</b>		<b>150</b>	<b>120</b>

- Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.
- Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Watter EEN van die volgende besighede het onbeperkte aanspreeklikheid?

- A Tunzi BK
- B Vuyo en Vuyokazi
- C King Kong Bpk.
- D Vukani Spyseniers (Edms.) Bpk.

1.1.2 Tembi SMB Bpk. is 'n voorbeeld van 'n ...

- A staatsbeheerde maatskappy (maatskappy in staatsbesit).
- B private maatskappy.
- C publieke maatskappy.
- D organisasie sonder winsopslag.

1.1.3 Alle bates en inkomste van 'n ... moet tot publieke/openbare voordeel gebruik word.

- A publieke maatskappy
- B koöperasie
- C maatskappy sonder winsopslag
- D beslote korporasie

1.1.4 Die ... spandinamiekteorie definieer spanrolle ten opsigte van die bydrae wat elke lid tot die span maak.

- A Jung se
- B Margerison McCann se
- C MTR-i-benadering-
- D Belbin se rol-

1.1.5 Idees wat oorspronklik en bruikbaar is om besigheidsuitdagings op te los:

- A Laterale denke
- B Kreatiewe denke
- C Niekonvensionele oplossings
- D Gehalte versekering

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

kragveldanalise; memorandum van inkorporasie; regtebenadering; afdanking; beslote korporasie; private; kennisgewing van inkorporasie; aflegging; nominalegroepstegniek; algemeenewelsynbenadering
--

- 1.2.1 Die geldende dokument wat die pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouders en direkteure in 'n maatskappy uiteensit, staan as 'n ... bekend.
- 1.2.2 'n ... is 'n opsionele genootskap/assosiasie van een of meer persone, maar nie meer as tien nie.
- 1.2.3 Sizwe Bpk. het Michael se indiensnemingskontrak as gevolg van nuwe tegnologie beëindig. Dit is 'n voorbeeld van ...
- 1.2.4 Die bestuur van Tracy Vervaardigers het 'n ...-probleemoplossingstegniek gebruik toe hulle oorweeg het om die struktuur van die besigheid te verander.
- 1.2.5 Thulane Handelaars volg die ...-teorie as 'n riglyn oor hoe om hulle werknemers met waardigheid en respek te behandel. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Nie-verbaal	A	oplossings wat nog nie as algemene praktyk gevestig is nie
1.3.2	Vennootskapsklousule	B	ontwerp 'n drie-stap-model om verandering te bestuur
1.3.3	Konvensionele oplossings	C	'n meningsverskil/botsing van opinies tussen twee partye in die werksplek
1.3.4	John P Kotter	D	'n mondelinge aanbieding van inligting aan 'n gehoor
1.3.5	Konflik	E	'n formele, geskrewe klagte aan senior bestuur
		F	dokument wat as die konstitusie van 'n maatskappy dien
		G	gebruik algemene waardevolle ervarings om 'n probleem op te los
		H	bied inligting aan 'n gehoor sonder gesproke woorde
		I	het 'n 8 stap-stelsel vir die bestuur van verandering ontwerp
		J	dokument waarby bepalinge en voorwaardes vir bestuur van besigheid geïnkorporeer is

(5 x 2)

(10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

- 2.1 Noem VYF eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur. (5)
- 2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUPER HOENDER (SH)**

Super Hoender (SH) is by verskillende afsetpunte in die land beskikbaar. Mnr. Naidoo, die eienaar van SH, laat nuwe entrepreneurs toe om teen vergoeding hulle eie besighede, met gebruik van sy besigheidsnaam en handelsmerk, te begin.

- 2.2.1 Identifiseer die tipe besigheidsmanier/-metode wat in die scenario hierbo beskryf word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 2.2.2 Noem TWEE ander besigheidsmaniere/metodes wat SH kan gebruik om 'n besigheid te begin. (2)
- 2.2.3 Verduidelik die voordele van die tipe besigheidsmanier/-metode wat in VRAAG 2.2.1 geïdentifiseer is. (4)
- 2.3 Bespreek die voordele daarvan om 'n maatskappy eerder as ander ondernemingsvorms te stig. (6)
- 2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PAPA SE BOETIEK (PB)**

Papa het 'n besigheidsplan ontwikkel wat 'n uitvoerige oorsig van sy voorgestelde besigheid gee. Hy het sy besigheidsplan gebruik om 'n lening by die bank te bekom. Hy wil sy besigheidsplan in 'n aksieplan verander.

- 2.4.1 Definieer 'n *aksieplan*. (2)
- 2.4.2 Verduidelik aan PB die belangrikheid van 'n aksieplan. (4)
- 2.4.3 Beskryf in breë trekke enige TWEE ander befondsingshulpbronne wat deur PB gebruik kan word. (4)
- 2.5 Bespreek die voordele van 'n persoonlike-aanspreeklikheid-maatskappy. (4)
- 2.6 Gee 'n aanbieder raad oor enige DRIE faktore wat in ag geneem moet word wanneer transparante/skyfies as visuele hulpmiddels voorberei word. (6)

**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

- 3.1 Identifiseer of die besigheidspraktyk wat in ELK van die volgende stellings geïdentifiseer word, eties of professioneel is:
- 3.1.1 Werknemers van Kevin Ouditeure trek altyd formeel aan wanneer hulle werk toe gaan.
- 3.1.2 Die besigheid betaal gereeld elke jaar belasting aan die ontvanger van inkomste.
- 3.1.3 Dan Konsultasies doen nie besigheid met maatskappye wat kinders onder die ouderdom van 16 jaar in diens neem nie.
- 3.1.4 Ntombi, 'n ontvangsdame by Menzi Finansiering, kom betyds om oggandinligtingsessies te behartig.
- 3.1.5 Die bestuur van CL Vervaardigers bied opleidingsessies oor 'n bedrogvrye stelsel vir al hulle werknemers aan. (10)
- 3.2 Beskryf in hooftrekke TWEE regte en verantwoordelikhede van burgers.

Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn om hierdie vraag te beantwoord.

REGTE	VERANTWOORDELIKHEDE
1	1
2	2

- 3.3 Onderskei tussen *roetinedenke* en  *kreatiewe denke*. (4)
- 3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DUIKER TEËLS (DKT)**

Die bestuur van DKT wil die gehalte van hulle teëls verbeter as gevolg van verskeie klagtes vanaf hulle klante. Hulle versoek deskundiges om idees te ontwikkel oor hoe om beter oplossings vir hulle besigheidsprobleme te kry.

- 3.4.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat in die scenario hierbo van toepassing is. (2)
- 3.4.2 Gee die bestuur van DKT raad oor hoe hulle die probleemoplossingstegniek wat in VRAAG 3.4.1 geïdentifiseer is, kan toepas. (6)
- 3.5 Bespreek die *beginsels van professionalisme*. (4)
- 3.6 Gee besighede raad oor hoe hulle tot die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van gemeenskappe kan bydra. (6)

**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE****BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

- 4.1 Maak 'n lys van VIER aspekte wat by die prospektus ingesluit moet word. (4)
- 4.2 Beskryf in hooftrekke die betekenis van die volgende beplanningsinstrumente wat gebruik kan word om 'n besigheidsplan in 'n aksieplan te verander:
- 4.2.1 Gantt-kaart (4)
- 4.2.2 Tydlyne (4)
- 4.2.3 Projekbeplanning (4)
- 4.3 Stel TWEE strategieë voor wat besighede kan gebruik om te verseker dat hulle winsgewend en volhoubaar bly. (4)

**BESIGHEIDSROLLE**

- 4.4 Identifiseer die stadium van spanontwikkeling wat deur ELK van die stellings hieronder verteenwoordig word:
- 4.4.1 Die spanlede leer mekaar tydens hierdie stadium ken.
- 4.4.2 Spanlede konfronteer mekaar se idees.
- 4.4.3 Spanlede is gemotiveerd en werk saam.
- 4.4.4 Spanlede bereik ooreenkoms en konsensus. (8)
- 4.5 Bespreek redes waarom besighede by maatskaplike/sosiale programme moet betrokke raak. (6)
- 4.6 Gee besighede raad oor die funksies van werksplekforums (6)

**[40]****TOTAAL AFDELING B: 80**



**AFDELING C**

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (AANBIEDING)****GLOBAL ONDERNEMINGS (GO)**

Global Ondernemings het 'n nuwe produk by hulle reeks gevoeg. Moffet, die HUB ('CEO') van die maatskappy, is versoek om 'n strooibiljet saam te stel en om 'n aanbieding oor hulle produk vir verskillende belanghebbendes te doen. Alhoewel hy verskillende visuele hulpmiddels gebruik het, kon hy nie op vroeë reageer en op 'n professionele wyse antwoord nie. Daar word van Moffet verwag om 'n verslag oor sy aanbieding te skryf.

Skryf 'n opstel waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Gee in breë trekke SES tipes visuele hulpmiddels.
- Bespreek faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n strooibiljet saamgestel word.
- Verduidelik die stappe wat gevolg moet word om 'n verslag te skryf.
- Beveel maniere aan waarop Moffet op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse op vroeë kan reageer.

**[40]****VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (STRES EN KRISISBESTUUR)****CENTRAL HAARSALON (CHS)**

Central Haarsalon bied 'n verskeidenheid goeie haarkappersdienste aan. Die besigheid doen goed want dit is op 'n besige plek geleë. Werknemers moet verlengde ure werk om klante gelukkig te hou. Die situasie veroorsaak egter stres en die werknemers voel dat dit vir hulle te veel raak.

Hou die scenario hierbo in gedagte en skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf in hooftrekke die betekenis van *stres*.
- Verduidelik die oorsake van stres by die werksplek.
- Bespreek die belangrikheid van stresbestuur in die werksomgewing waar daar baie druk is.
- Gee CHS-werknemers raad oor maniere waarop hulle stres by die werksplek kan hanteer.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**